Sterrekunde (b)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bekend te stel aan sterrekunde.
2. ‘n Begrip te gee van ons (die aarde se) posisie in die heelal.
3. Onder die indruk van die grootsheid van God se skepping te bring.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die volgende begrippe navors en verstaan:
   - die skepping van die heelal met God as Skepper.
   - die verskil tussen astronomie en astrologie.
   - die wenteling van die aarde om die son.
   - die wenteling van die maan om die aarde.
   - die geskiedenis van ons kalender: jaar (skrikkeljaar) en maand.
   - sonsverduistering en maansverduistering.
   - die verskil tussen ‘n ster en ‘n planeet.
   - die verskil tussen ‘n sterrestelsel en ‘n sonnestelsel.
2. Neem kennis van die volgende:
   - ‘n komeet.
   - ‘n meteoriet.
   - ‘n satelliet.
   - die Hubble teleskoop.
   - Ligjare.
3. Die beginsel waarop ‘n verkyker en ‘n teleskoop werk ondersoek en begryp.
4. Navorsing doen oor SALT (Southern Africa Large Telescope) by Sutherland, en daarna die bevindeinge bespreek.
5. Ontdek en leer om die volgende sterre/sterregroepe op ‘n helder somersnag te herken:
   - die Aandster/Venus.
   - die Melkweg.
   - die Suiderkruis.
   - die Valskruis.
   - Orion.
6. Verkieslik ‘n Planetarium of ‘n Sterrewag besoek as vaslegging van reeds verworwe kennis.

C AANBIEDING

1. Sorg vir literatuur (Die Bybel ingesluit – vergelyk Gen 1 en Jes 40:28)

   Laat die kind die naslaanwerk doen en lei hulle tot ‘n duidelike omskrywing of definisie van elk. Maak duidelik waar daar onsekerheid is.
2. Reël dat elkeen hieroor vooraf lees en prente versamel. Bied dit aan as ’n groepprojek deur byvoorbeeld ‘n plakkaat te maak op swart karton met goue sterretjies en die aarde, son en maan in die regte posisie ten opsigte van mekaar te plaas. Plak prente of illustrasies van die komeet ook daarby.
3. Sorg dat daar ‘n verkyker en ‘n teleskoop byderhand is en verduidelik die werking en gebruike van elk. Vra ‘n kundige indien moontlik.
4. Gee die kind geleentheid om sy kennis aan die groep oor te dra.
5. Kies ‘n helder aand en reël ‘n uitstappie weg van elektriese beligting. Vra iemand met ‘n grondige kennis om die sterre uit te wys en ander interessanthede oor te dra.